# .EENHEIDSTREWE EN SENDINGBELEID VAN DIE NG KERK SEDERT 1857

**(met spesiale verwysing na die verhouding tot die N G Sendingkerk)**

**David Botha**

Hoe ironies dit ook al mag klink, was die N.G. Kerk se sinode-besluit van 1857 om toe te laat dat Christene uit die heidene in afsonderlike geboue bedien mag word “ter wille van die swakheid van sommiges” inderdaad ’n byna desperate poging om verlore eenheid tussen blankes en kleurlinge binne die N.G. Kerk te herstel en te bevorder. Dit was voorts ’n poging van die sinode om die Kerk se sendingprogram op dreef te kry, nadat dit deur die lewenskragtige en suksesvolle optredes van talle buitelandse sendinggenoot-skappe met hulle steeds groeiende "instituten" byna in die kiem gesmoor is.

Dat dit inderdaad die hoofmotiewe vir die gewraakte sinodebesluit was en nie ’n papbroekige toegewing aan die sondige vooroordele van die blanke lidmate nie, word onomwonde bewys deur die debatvoering oor die aangeleentheid wat die sinodesitting voorafgegaan het, sowel as die debat in die sinode self. Uit die koerant-verslae oor die sinode blyk dit dat di. N.J. Hofmeyr van Calvinia (sedert 1858 professor aan die Kweekskool) en W. Murray van Middelburg die deurslaggewende rol by die besluit van 1857gespeel het. Die sinode het in wese niks anders besluit nie as om die voorstel te aanvaar wat Hofmeyr in De Gereformeerde Kerkbode gemaak het en in twee reekse artikels wat in 1853 en 1854 verskyn het beredeneer het. Hy is sterk ondersteun deur ’n artikel in die uitgawe van 25 April 1857 uit die pen van Omikron. (Ons kan slegs vermoed dat dit die skuilnaam van ds W.Murray was).

Hofmeyr begin sy artikelreeks[1] deur 'n skerp aanval te loods teen die treurige vooroordeel teen die sendelinge, die sending en die heiden. Daarna ontwikkel hy vyf temas t.w. “(1) Het zendingwerk is Gode welgevalllg; (2) Het zendingwerk moet algemeen zijn; (3) Het zendingwerk heeft zijne onvolkomenheden; (4) Het zendingwerk eischt zamenwerking van ieder christen; (5) Het zendingwerk een heerllijk werk op aarde.”

---

1 De Gereformeerde Kerkbode (hierna DGK) 5 Maart 1853, bl 65

Onder die eerste tema[2] gee hy ’n deeglike Bybelse begronding vir die sending en swaai hy die reggeaarde sendelinge lof toe. Die tweede tema[3] reken verwoestend af met die wydverspreide geloof onder die blanke lidmate in die buitedistrikte aan die “vloek van Gam” en neem sterk stelling in teen die vooroordele en vyandigheid wat as gevolg van die vrystelling van die slawe teen die "zendinginstituten" ontstaan het. In die tweede artikel[4] waarin hy sy derde tema behandel formuleer Hofmeyr sy voorstel vir ’n realistiese en kragtige sendingbeleid. Hy formuleer vier stellinge,t.w.

1. “*Het is af te keuren dat de kleurlingen van de blanken gescheiden worden.*
2. *Het is ondoelmatig hen met de blanken in een te smelten.*
3. *De middenweg tusschen beide is de verkieslijkste.*
4. *Dat het eerste bijna algemeen is gebeurd, was een natnurlijk gevolg uit bestaande omstandigheden.”*

Hofmeyr ontwikkel sy eerste stelling deur aparte gemeentevorming met ’n afsonderlike kerkverband streng af te wys. Hy toon aan dat die vrystelling van die slawe direk tot so 'n soort skeiding gelei het. Die kleurlinge het op sendinginstitute klein maatskappye gevorm wat kerklik van ons geskei is "*en wij weten hoe nu te zeer ook de maatschappelijke, liever koloniale, band tusschen den blanke en den kleurling is gebroken*"- Hy kla daaroor dat kleurlinge na die institute gaan om onderwys te ontvang en onder die misverstand verkeer dat christen wees uit die vermoë om te kan lees en skryf bestaan. Hy dring daarop aan dat die kleurling ’n christen moet word in die stand waarin hy verkeer en dat al sou hy geen woord kan spel of lees nie, hy desnieteenstaande ’n christen kan word - hy moet ’n godvrugtige werknemer word.

Dit is duidelik dat Hofmeyr diep besorg is oor die verbrokkeling van die lewenspatroon in die kolonie wat vir byna twee eeue bestaan het. Met die vrystelling van die slawe, die optrede van die buitelandse sendinggenootskappe met hulle institute en die sterker wordende blanke vooroordele het die N.G. Kerk inderdaad groot gevaar geloop om nie alleen groot getalle kleurlinge binne sy tradisionele invloedsfeer te verloor nie, maar ook sy status as die grootste en invloedrykste kerkgenootskap hier te lande.

---

[2] DGK 5 Maart 1853, p. 66
[3] DGK 5 Maart 1853, p. 70
[4] DGK 28 Mei 1853 , p.163

Aan die hand van die vierde stelling gee hy die redes waarom die N.G. Kerk magteloos was om die skeiding teë te gaan. Sy eerste rede is dat die Kerk in die vorige eeu nalatig was om die heidene tot kennis van die evangelie te bring, met die loflike uitsonderinge van di Vos, Van Lier en Kicherer. Hy wys op die felle teenstand wat Vos in sy gemeente gekry het toe hy die bekering van die slawe gesoek het. In die tweede artikel van sy reeks "Proeve" wat op 27 Mei 1864 in De Gereformeerde Kerkbode verskyn het[5] gee Hofmeyr verdere redes aan. Hy noem die magteloosheid van die Kerk om aan die gang van sake wat die sending betref rigting te gee voor 1824, weens die afwesigheid van 'n middelpunt van vereniging van die losstaande N.G, gemeentes, naamlik 'n vergadering van kerkverband soos 'n sinode. Die ongesonde skeiding tussen die blankes en gekleurdes het dus buite die Kerk se beheer om plaasgevind. Maar nou moet die skeidingsproses gestuit word en die Kerk moet 'n doelgerigte sendingaksie loods.

Die tweede stelling verdedig hy soos volg: "*Het is ondoelmatig de kleurlingen met de blanken in ééne en dezelfde gemeente in te lijven en op dezelfde wijze te behandelen. Niet, omdat zij eene lagere klasse in de maatschappy zijn, want in Christus zijn wij allen één; maar omdat zij uit hoofde van hunne lage ontwikkeling andere en meerdere behoefte hebben dan wij. Zij moeten op eene eenvoudiger en verstaanbaarder wijze in het evangelie onderwezen worden, en onder een zorgsamer toevoorzigt staan. Terwijl men in eene gevestigde gemeente moet opbouwen, moet men hier bijeenzamelen, voorthelpen en uitbreiden. Er zijn dus hier verschillende belangen, die geene ineensmelting gedoogen . . . Zij blijven dus ook na hunne omhelzing van het christendom onmondig, en moeten, als overal elders, ook hier als eene gemeente, bijeengezameld uit de heidenen, behandeld worden*". Hofmeyr gaan nie in hierdie artikel in op die vraag hoe lank die onmondigheid moet duur en op watter stadium die afsonderlike bedieninge beëindig moet word nie. Omikron stel die beëindiging van afsonderlike bedieninge egter as ideaal in die vooruitsig.[6]

Die unieke oplossing van die probleem van die N.G. Kerk lê vir Hofmeyr in sy derde stelling, nl. dat die <u>middeweg tussen skeiding en samesmelting</u> gevolg moet word. Hierdie skema van Hofmeyr is so belangrik met die oog op die debat en besluit van die sinode van 1857 dat ek dit volledig weergee.

*"Deze middeweg is dan, dat de kleurlingen met de blanken wel in hetzelfde kerkgenootschap ingelijfd worden, maar daarin eene afzonderlijke afdeeling uitmaken. Het zendingwerk moet in elk*

---

5 DGK 27 Mei 1854, p. 168
6 DGK 25 April 1857, p.143 par. 2

*bestaande kerkgenootschap in ons land wel niet een afgescheiden, maar tog een afzonderlijk werk zijn. Het moet het werk der kerke zijn. Bij uitnemendheid was dit de roeping van onze Gereformeerde Kerk, daar zij een geruimen tijd bijna de eenige kerk in deeze kolonie was, en nu nog de uitgebreidste is. Niemand kon deze middenweg inslaan dan alleen onze kerk; immers zodra iemand die aan een uitheemsch genootschap is verbonden, onder de heidenen arbeidt en ze om hem vereenigt, moet hij scheiding maken, moet er met den tyd eene afgescheidene en onafhanklijke gemeente uit de heidene ontstaan. Om dit voor te komen, had men niet slechts eene bepaling moeten maken, dat alle aankomende zendelingen buiten de grenzen der kolonie moeten gaan arbeiden; maar moest onze kerk van den beginne krachtdadig het zendingwerk in hare eigene handen hebben genomen.*

*"Er had altijd, wat wij nu billijk verwachten, een ijver bij onze leeraren en de leden onzer kerk moeten bestaan, om de heidenen onder ons met het evangelie bekend te maken. Iedere kerk had van den beginne haar kapel (gesticht), ieder leraar zijnen zendeling moeten hebben. Het is dit waar wij nu op aandringen; anders blijft het zendingwerk bij ons maar een half werk. Het is onmogelijk voor de leeraren, vooral in onze uitgestrekte gemeenten, naar eisch en wensch de evangalisatie der heidenen te behartiging. Onder toevoorzigt en met medewerking van den leeraar en den kerkeraad moet de gemeente uit de heidenen worden bestuurd, en voornamelijk door den arbeid van den zendeling worden uitgebreid.*

*"Beide gemeenten moeten als moeder en dochter te zamen wezen. Wanneer de leeraar in het kerkgebouw de dienst waarneemt, bohooren de kleurlingen daar altijd tegenwoordig te zijn; voor het overige moeten zij hunne afzonderlijke godsdiensoefeningen hebben in de kapel, naar eigene vatbaarheid ingerigt, en beurtelings door den leeraar en den zendeling waargenomen. Het doopen, het aannemen tot lidmaten, het bedienen van het avondmaal moet in hun gesticht door den leeraar geschieden.*

*"Ziedaar den middenweg, dien ik om vele redenen den besten beschouw. Hierdoor worden de kleurlingen noch teruggestoten, noch naauwer verbonden dan de aard der zaak doelmatig doet zijn. Er is nog de onafhankelijkheid, nog de gelijkheid, die beide op hunnen hoogmoed nadeelig moeten werken. En met dit al maken zij daarom met hunne blanke geloofsgenooten, één kerklijke liggaam uit, gelijk zij een in Christus zijn.*

*"Ik herhaal het nogmaals, wanneer alle blanken en kleurlingen die den naam van christen dragen, van ganscher harte Christus hebben aangenomen, dan zou zulk een middenweg altijd wel doelmatig, maar niet zoo noodzakelijk als nu zijn geweest; want dan zou het verschil van stand, ontwikkeling, beschaving en aanleg, in de geestelijke eenheid die tusschen alle geloovigen in Christus bestaat, verzwolgen zijn geworden."*

Hofmeyr sluit hierdie tweede artikel af deur weereens die vooroordele teen die sending en die bekeerlinge uit die heidene skerp aan te spreek.

Die ruimte ontbreek om op die ander artikels van Hofmeyr en ander skrywers in De Gereformeerde Kerkbode in te gaan. Dit is egter duidelik dat daar in wye kringe deeglik kennisgeneem is van hierdie standpunte.[7] Dit ly geen twyfel nie - en die debat en besluit van die sinode van 1857 het dit bevestig - dat hierdie voorstelle van Hofmeyr en Omikron die denke in die Kerk oor die kwessie van die zendingwerk sterk geprikkel het. Wat besonder belangrik is by die beoordeling van Hofmeyr se skema is dat hy nêrens en nooit 'n toegewing aan die vooroordele maak nie. Allermins beskou hy die vooroordele as "swakhede". Daarom spaar hy ook nie diegene wat toegee aan die sondige vooroordele nie en neem hy sendingwerk, sendeling en bekeerling uit die heidendom in beskerming. Hy bepleit die daarstelling van afsonderlike gemeentes vir bekeerlinge uit die heidendom op die grond dat dit tot hulle eie heil en voordeel en die bevordering van hulle geestelike groei sal wees. Hy wil ook nie sien dat hulle uit die kerkgeboue waar hulle saam met die blankes aanbid uitgesluit word nie.

Die saak het op die sinode se tafel gekom deur 'n brief van die kerkraad van Ceres en 'n beskrywingspunt van ds Robert Shand, konsulent van Ceres.[8] Die vraag was of die middewegvoorstel van Hofmeyr, soos dit reeds op plekke toegepas is[9] en die kerkraad van Ceres dit ook wou toepas, die goedkeuring van die sinode wegdra. Ds Shand was klaarblyklik van mening dat so 'n praktyk in stryd sou wees met 'n duidelike uitspraak van die sinode van 1829. 'n Deeglike studie van die bronne toon aan dat die kwessie ter sprake by die sinode van 1829 sowel as in die gemeente Stockenström nie dieselfde was as dié voor die sinode van 1857 nie. In die eersgenoemde twee gevalle het dit gegaan oor die skeiding van blankes en kleurlinge by dieselfde

[7] DGK 29 Augustus 1857, p.296 - artikel deur Spes
26 September 1857, p. 333 – artikel deur W.R.

[8] Handelingen der Negende Vergadering van de Synode (Akta Sinode) 1857, p.89, Vragen 3 en 5

[9] Sien DKB 13 Mei 1854, p.158

nagmaalsviering, terwyl dit vir die sinode van 1857 gegaan het oor afsonderlike bedieninge as sendingstrategie. Nie almal het die onderskeid raakgesien nie.

Die tweede spreker in die debat, oulerling H.H. Loedolff van Swartland het die gebeure te Stockenström by die debat betrek en gesuggereer dat die kerkraad van Ceres waarskynlik aanleiding tot sy voorneme gekry het by die besluit van die Ring van Albanie ten opsigte van die probleem by Stockenström.[10] Die Ring het die kerkraad geadviseer om "*ter tegemoetkoming aan vooroordeelen en zwakheden*" afsonderlike tafelbedienings aan blanke lidmate by die nagmaalvierings toe te staan. Die Ringsbesluit is uit Die Kerkbode voorgelees.[11] Daar was egter geen verteenwoordigers van Stockenström, Albanie en Glenlyndon (a1 drie gemeentes uit die Ring van Albanie) teenwoordig nie en daar is geen getuienis uit die bronne dat die gebeure te Stockenström verder in die debat opgehaal is of 'n direkte invloed daarop gehad het nie. Die hele kwessie van kleurvooroordeel was uit die aard van die probleemstelling'n kernelement in die debat.

Die eerste deelnemers aan die debat het enige vorm van skeiding van kerklike bedieninge streng afgewys. W. Murray en veral Hofmeyr se toesprake het egter 'n dramatiese wending aan die debat gegee[12] en Hofmeyr het 'n voorstel ingedien wat hy ten gunste van die een van Andrew Murray Snr,wat uiteindelik die historiese besluit geword het, teruggetrek het. Die besluit is welbekend:[13]

"*De Synode beschouwt het wenschelijk en schrifmatig dat onze ledematen uit de Heidenen in onze bestaande gemeenten opgenomen en ingelijfd worden, overal waar zulks geschieden kan; maar waar deze maatregel, ten gevolge van de zwakheid van sommigen, de bevordering van de zaak van Christus onder de Heidenen in de weg zoude staan, de gemeenten uit de Heidenen opgerigt, of noch op te rigten, hare Christelijke voorregten in een afzonderlijk gebouw of gesticht genieten zal."*

Dit is duidelik dat hierdie besluit neerkom op 'n aanvaarding van Hofmeyr se "middeweg"-voorstel. Want volgens die gang van die debat is dit dieselfde oorwegings wat Hofmeyr in sy artikels na vore gebring het, wat die uitslag van die stemming bepaal het. Die ironie van die saak is egter dat die formulering van hierdie besluit van so 'n aard is, dat dit op die duur die idee en praktyk van die middeweg sou kelder.

---

[10] Akta Sinode 1857, p. 58
[11] DKB 8 Desember 1855, p.398
[12] Het Volksblad 10 November 1857
[13] Akta Sinode 1857, p. 60

Die probleem van hierdie besluit lê dus nie in sy bedoeling nie,maar in sy formulering. Dit was nie die bedoeling van die sinode en sy segsmanne om af te wyk van Skrifnorme by gemeentevorming nie en tog skep die besluit ruimte vir so 'n moontlikheid deur die wyse waarop die tweede deel van die besluit met 'n "maar" teenoor die eerste deel gestel word. Dit was ook nie die bedoeling van die sinode om vooroordele te sanksioneer nie, allermins om hulle as toelaatbare swakhede te beskou. Maar deur die formulering van die besluit (in navolging van die besluit van die Ring van Albanie?) word die sondige aard van die vooroordele verdoesel deur hulle swakhede te noem, wat so maklik met mense se nie-kwaadaardige swakhede verwar kan word. Dit het terselfdertyd die effek om vooroordele te verhef tot hoofrigter van die sendingbeleid en om hulle effektief te verskans teen die kerklike tug. Deur hierdie formulering is die gevaarlike moontlikheid geopen dat die middeweg van Hofmeyr nie langer nagestreef word slegs ter wille van die eenheid van die kerk en die besondere behoeftes van die kleurlinglidmate nie, maar dat dit ook nagestreef word omdat die vooroordele van blanke lidmate dit eis, juis met die doel om die bestaande eenheid te verbreek en vir die toekoms onmoontlik te maak. Die sendingbeleid is só van 'n dubbelslagtige, selfweersprekende en innerlik onversoenbare motivering voorsien.

Dat hierdie dubbelslagtigheid kenmerkend was van die geskiedenis van die binnelandse sending van die N.G. Kerk sedert daardie besluit kan moeilik ontken word. Die eenheidsideaal van Hofmeyr het nooit vervaag nie, maar die vooroordele wat dit onmoontlik gemaak het, het nooit gesterf nie. Ons soek vandag nog steeds, soos Hofmeyr, na die herstel van die kerklike eenheid binne die N.G. Kerkfamilie en betreur die skeiding wat daar gekom net, maar net soos hy sal ons ons ideaal verydel sien as ons nie die formule van 1857 terugroep en dit met 'n ondubbelslagtige en Skrifgerigte formule vervang nie. Die diepsnydende kritiek van ds P. Huet van Pietermaritzburg op die sinodebesluit in sy verhandeling "*Eene Kudde en Een Herder*"[14] het met die jare aan geldigheid gewen. Dit is die moeite werd om dit in ons huidige debat terdeë in ag te neem.

Die oprigting van die N.G. Sendingkerk in 1881 as 'n afsonderlike kerkverband vir kleurlinggemeentes is direk in stryd met Hofmeyr se eerste stelling en was nie 'n doelstelling van die middeweg nie. Dit is dus ook wesenlik in stryd met die sinodebesluit van 1857. Dog, weens die fatale gebreke van die formulering van die besluit kon enige beroep daarop nie hierdie ontwikkeling verhoed nie. Deur 'n toegewing aan die sondige vooroordele te maak het dit die ontwikkeling eerder aangehelp.

[14] As subtitel : Verhandeling over toebrenging van heidenen tot de Christelijke Kerkgemeenschap. - Argief NGK

Die ongelyke sendingsituasie wat in 1857 bestaan het, het ten spyte van die besluit (en soms as gevolg daarvan) in die jare wat daarop gevolg het eerder vererger as verbeter. Weliswaar is die weg gebaan vir ’n verskeidenheid nuwe sendingprojekte op plaaslike gemeentevlak. Die verhouding tussen die plaaslike gemeentes en hierdie werksaamhede was klaarblyklik sodanig dat die kerkrade volle beheer daaroor gehad het en selfs waar ’n werksaamheid so ver gevorder het dat dit die karakter van ’n gemeente aangeneem het deur eie kerkraadslede (voorstanders) te hê, was die kerkraad van die N.G. gemeente in volle beheer.[15]

Maar daar was ook ander sendinggemeentes en -werkaaamhede wat in losser verband tot die N.G.Kerk gestaan het. Sommige van die gemeentes was stigtings van ander kerkgenootskappe[16] soos Wellington, Zuurbraak en George. Nog gemeentes is deur individuele sendingarbeiders gestig, soos Middelburg.[17] Dan was daar ook werksaamhede wat direk onder die beheer van die Sinodale Sendingkommissie gestaan net. Die periode wat op die 1857-sinode gevolg het is inderdaad gekenmerk deur 'n sterk opbloei van sendingywer, maar daar was terselfdertyd ’n toename in die verdeling van beheer oor die werk. Die Sinodale Sendingkommissie het die reg verkry om selfstandige sendingwerk binne gemeentegrense te onderneem in oorleg met kerkrade. Verder het hierdie kommissie 'n ondersteunende en toesighoudende funksie t.o.v. gemeentelike werk gehad. Ander verkaaamhede is deur sendingdireksies bestuur en beheer, met of sonder verslag aan die Sinodale Sendingkommissie. Ringsbeheer en -toesig het stelselmatig ontwikkel en in 1870 het die sinode in elke Ring ’n "Zending-inspector" verorden. Die meeste van die werksaamhede is egter deur kerkrade onderneem en beheer.[18]

Hofmeyr se middewegplan soos deur die sinodebesluit van 1857 gesanksioneer was klaarblyklik nie die oplossing vir hierdie komplekse situasie nie. In die eerste plek was dit nie moontlik om ’n gevestigde sendinggemeente wat uit die genootskaplike sendingwerk na die N.G.Kerk oorgekom het, soos George en Zuurbraak, volgens die formule van die middeweg onder die kerkraad van die plaaslike N.G. gemeente te stel nie. Die formule sou verder ook nie toegepas kon word op "sendingstasies" soos Elandskloof en Ebenezer (01ifantsrivier) nie. Slegs nuwe werk en sekere bestaande projekte sou volgens die formule kon ingerig word. Die vraag wat egter nie deur die

[15] Die gemeente van die SA Sendinggenootskap in Langstraat, Kaapstad was hiervan ’n sprekende voorbeeld. Die direkteure van die Genootskap het die gemeente bestuur al het die gemeente diakens en voorstanders gekies.
[16] Wellington – Parysse Sendinggenootskap; Zuurbraak en George – Londense Sendinggenootskap.
[17] Eerw. John Bennie het die werk te Middelburg begin.
[18] Vir nadere besonderhede sien Rapport van Kommissie vir Binnelandsche Zending anno 1880 in die Akta Sinode van dieslfde jaar. Schema , De Zending verslag. P.5

formule beantwoord is nie, is wat die kerkregtelike status van die "gemeente uit die heidene" of te wel “dogtergemeente” is en wat sy verhouding tot die "moedergemeente” is.

Vir Hofmeyr was die middeweg duidelik ’n weg waarlangs die verlore eenheid teruggewen moes word. Die metode van afsonderlike bediening binne een gemeenteverband het nie vir hom in die weg van die eenheld gestaan nie. Dit is egter ewe duidellk dat Hofmeyr en die sinode hulle met twee verskynsels misreken het. Die eerste is die eenheidsverwoestende krag van die blanke vooroordele wat die metode van afsonderlike bediening sou aangryp juis om die eenheid wat daar wel bestaan het volkome op te hef. Hierteen het die formule nie 'n teenmaatreël ingebou nie, inteendeel, die sinodebesluit het teenmaatreëls effektief geneutraliseer. Die tweede verskynsel is die dinamiese kragte wat losgemaak word wanneer gemeenskapstrukture ontstaan en 'n eie lewe begin voer. Groepstrukture van langdurige aard is geneig om eie identiteite en solidariteite te ontwikkel. Daar ontstaan ’n sosiale dinamiek, waarvan die verloop nie voorspelbaar is nie.

Dit is eienaardig dat Hofmeyr nie hierdie gevaar vir sy middeweg ingesien het nie. Want hy het deeglik bewys dat hy goeie begrip had vir sosiale dinamiek, toe hy in sy artikelreeks ’n treffende verklaring gegee het vir die ontstaan en lewenskragtigheid van die sendinginstitute rondom die persone van die soms verguisde sendelinge.[19] 'n Gemeente word tog gevorm rondom Woord en Sakrament en Tug. Wanneer 'n groep gekleurdes dus in ’n afsonderlike gebou só saamgetrek word, is dit onvermydelik dat hulle 'n eie identiteitsgevoel ontwikkel, dat hulle hul al meer met die sendeling as hulle leraar en al minder met die "moedergemeente" as hulle gemeente identifiseer. Met die versterking van hulle groepsidentiteitsgevoel sal hulle ook die behoefte aan selfbeskikking begin voel en ’n begeerte na eie ampsdraers ontwikkel. Enige ontsegging van hierdie voorregte sal as paternalisme en selfs verdrukking ervaar word. Hofmeyr se skema maak ook nie vir hierdie verskynsel voorsiening nie. <u>Inteendeel, die middewegskema kan die eenheid slegs verseker as die bekeerlinge uit die heidene (gekleurden) onder die paternalistiese beheer van die blanke lidmate en kerkrade geplaas word en hulle (die Gekleurdes) hul in so ’n situasie berus.</u>

Omdat die fomule van die middeweg nie verder gegaan het as die daarstelling van die metode van afsonderlike bediening vir die onmiddellike doelmatigheid in missionêre verband nie, het dit nie 'n oplossing gebied vir die verhoudingsvrae wat ná kerkplanting ontstaan het nie. Want vanuit watter hoek ’n mens ook al die afsonderlike bediening aan gekleurdes beskou, as ’n omseiling van

[19] Sien DKB 28 Mei 1853, p. 169

vooroordeel of as ’n tegemoetkoming aan die buitengewone behoeftes van die gekleurdes, dit moes tot kerkplanting lei. Vrae wat dus onmiddellik aan die orde kom is: Wat is die status van die groep kleurlinggelowiges wat afsonderlike bediening geniet vanuit kerkregtelike oogpunt? Indien hulle as volwaardige gemeente beskou word, wat is hulle verhouding tot. die “moedergemeente”? ls hulle gemeentestruktuur tydelik of permanent? Wat is hulle posisie t.o.v. kerkverband? Wat is die verhouding tussen hulle doelmatige afsonderlikheid en die eenheid wat deur hierdie afsonderlikheid gedien moet word? Wat is die kerkregtelike status en funksie van die sendeling?

As die middeweg vir die sendingsituasie 'n suksesvolle kersteningsmetode was, het dit vir die kerklike situasie 'n paternalistiese struktuur geblyk te wees vir beide gemeente uit die heidene en sendeling.

Die oprigting van die N.G. Sendingkerk in S.A. in 1881 was 'n tweede poging om eenheid in die verdeelde sendingsituasie binne die N.G.Kerk te bewerk. Die inisiatief het nie van die kant van die Kerk gekom nie maar van die sendelinge en by name van Eerw. J.C. Pauw. Met sy koms na Wellington in 1879 het hy sterk standpunt teenoor Andrew Murray ingeneem betreffende die selfstandigheid van die sendinggemeente en sy kerkraad. Hy het geweier dat sy gemeente onder ’n direksie van die "moedergemeente” funksioneer en het direk verband met die Sinodale Sendingkommissie opgeneem. Voor Wellington het hy die sendingstasies Zoar en Zuurbraak bedien. Hy was 'n goedopgeleide predikant en deeglik onderlê in kerkreg. Daarom kon hy hom nie neerlê by die kerkregtelik ongedefinieerde situasie van die talle sendinggemeentes en werkkringe en die sendelinge nie.

Op 19 Maart 1880 verskyn ’n artikel van Eerw. J.C. Pauw in De Christen[20] waarin hy dit het oor "*Een ander gebrek, dat wij heden willen bespreken, is algeheel gemis aan kerklijke organisatie in one Zendingwerk, waaronder én de arbeider, én het werk lijdt*”. Wat die sendeling betref is dit vir niemand duidelik wat sy kerklike posisie is nie. Die sendelinge het nóg met mekaar, nóg met die kerk enige kerklike verband. Daar is geen liggaam waarvan hulle lid is nie en wat hulle kan ondersteun nie. Wat die sendinggemeentes betref is die toestand eintlik nog moeiliker om te beskryf. Wat hom veral hinder is die groeiende gees van independentisme weens gebrek aan kerkverband. Hy stel dan voor dat vir sommige sendinggemeentes 'n oplossing gevind moet word

[20] De Gereformeerde Kerkbode het van 1880 tot 1883 onder die naam De Christen verskyn.

in die rigting van ’n kerkorde vir ordelike bestuur. Die gemeentes moet tot ’n kerkverband gevorm word of by die N.G.Kerk ingelyf word.

Pauw het hierdie saak klaarblyklik nie aan die orde gestel om vooroordele van watter aard ook al te probeer omseil nie. Vir hom was die bestaan van sendinggemeentes ’n voldonge feit. Hoe hulle tot stand gekom het en of hulle ontstaan die gevolg was van blanke vooroordele of nie, was nie ter sake nie. Hulle was gemeentes van Christus en vir hom as gereformeerde kon hulle nie op 'n independentistiese grondslag bly voortbestaan nie. Hulle moes verenig in kerkverband. So moes die wantoestand beëindig word.

Die Binnelandse Sendingkommissie, wat volgens verskeie rapporte aan die sinode self onvergenoeg was met die situasie, het Pauw se wenke opgevolg en 'n vergadering van sendelinge belê wat op 5 en 6 Oktober 1880 te Worcester konfereer het. Die saak ter sprake was ’n ontwerp vir die ordening van die Ned. Geref. Sendingmeentes tot ’n kerkverband. Die konsep is deur die Binnelandse Sending-kommissie in oorleg met Pauw opgestel en die sendelinge het dit eenparig goedgekeur. Nadat die skema deur die Binnelandse Sendingkommissie en die Tydelike Kommissie vir Sending tot ’n finale ontwerp met tien artikels verwerk is, het die sinode dit behandel en op Vrydag 12 November 1880 aanvaar. Die tiende artikel het alle bepalings en besluite van die te worde gestigte NG Sendingkerk aan die goedkeuring van die Sinodale Binnelandse Sendingkommissie van die NG Kerk onderwerp, voordat hulle krag van wet en uitvoering sou hê. Die weg na ’n kerkverband tussen die loslewende gemeentes was nou gebaan.[21]

Die begin van die nuwe kerklike eenheid was uiters beskeie. Slegs 5 gemeentes se afgevaardigdes het opgedaag vir die eerste sinode van die N.G. Sendingkerk in SA op 6 Oktober 1881 te Wellington. Die meeste wat genooi was het weggebly en op die sinode het die afgevaardigde van Beaufort-Wes hom onttrek omdat hy nie die vetoreg van die Binnelandse Sendingkommissie oor besluite van die sinode van die N.G. Sendingkerk kon aanvaar nie. Die ander het hulle egter daarby neergelê en die stigting van die N.G. Sendingkerk was vir die vier stigtergemeentes ’n wonder van God se genade en 'n uitdaging tot 'n magtige taak. Vanuit so ’n klein kerngroep moes die kerkverband van al die Sendinggemeentes uitgebou word en die eenheid bewerkstellig word.[22]

---

[21] Sien Akta Sinode 1880, Verslag Binnelandse Sendingkommissie; ook korrespondensie J.C. Pauw met Kommissie vir Binnelandse Sending op datums 23 Augustus 1880, 30 Augustus 1880, 15 November 1880; ook Notule van Binnelandse Sendingkommissie 18 Augustus 1880.

[22] Sien verslag oor die Eerste Sinode van die NG Sendingkerk in DE Christen van 14 Oktober 1881

Drie van die vier gemeentes wat die N.G. Sendingkerk gekonstitueer het t.w. George, Zuurbraak en Wellington was stigtings deur sendinggenootskappe. Wynberg het 'n eie geskiedenis. Hierdie samestelling van die eerste sinode lewer onweerlegbare bewys dat die probleme wat tot die stigting van die N.G. Sendingkerk aanleiding gegee het inhirent aanwesig was in die algemene sendingsituasie in ons land reeds lank voordat Hofmeyr met sy middewegplan voor die dag gekom het. Hofmeyr was juis diep bekommerd daaroor dat die N.G. Kerk as gevolg van die totstandkoming van sulke onafhanklike sendinggemeentes sy invloed oor sulke gemeentes en die Kleurlinggemeenskap sou verloor en dus kerklik kwyn. Daarom het hy die middeweg ontwerp ten einde die wegvloei te keer. Hy het klaarblyklik nie daarmee rekening gehou dat sulke gemeentes tog wel sou begeer om by die N.G. Kerk in te skakel nie (’n verskynsel wat veral voorgekom het na die groot herlewing van 1860),[23] en daarom het hy nie met so ’n moontlikheid in sy middeweg rekening gehou nie. Dit lewer verdere bewys dat die besluit van 1857 nie die probleme geskep het waarvoor die stigting van die N.G. Sendingkerk uiteindelik as noodoplossing moes dien nie.

Die nuwe moontlikheid tot eenheid wat deur die stigting van die N.G. Sendingkerk gebied is sou lank neem om werklikheid te word. Die gees van independentisme in baie sendinggemeentes het nie gou uitgesterf nie. Dit sou jare van geduld en oorreding kos om hulle te beweeg om tot die N.G. Sendingkerk-verband toe te tree.[24] Eers met die inskakeling van die S.A. Sendinggestig in Langstraat (gemeente van die SA Sendinggenootskap) in 1937 is hierdie proses voltooi. Maar ook die paternalistiese beheer wat N.G. gemeentes oor "dogtergemeentes” uitgeoefen het, het groei van die NGSK in die weg gestaan. Dit wil voorkom asof die N.G. gemeentes nie die besluit van hulle 1880-sinode erntig opgeneem het nie en dit selfs weerstaan het, hoofsaaklik omdat hulle nie die beheer oor hulle “dogtergemeentes” wou prysgee nie.

Die N.G. sinode van 1883 het gevolglik aan die Binnelandse Sendingkommissie opdrag gegee om die gemeentes wat nog nie by die Sendingkerk aangesluit het nie, op te wek om dit wel te doen. Ook moes hy aan die Sendinggemeente te Beaufort-Wes laat weet dat die sinode van hom verwag om by die sinode ran die N.G. Sendingkerk in te skakel.[25] Die N.G. Kerk sou dus nie op die punt van die vetoreg van die Binnelandse Sendingkommissie kop gee nie.

[23] Die sinode van 1873 was bereid om tien selfstandige gemeentes van die Rynse Sendinggenootskap by die NG Kerk in te skakel. Die genootskap het egter die aansoek om inskakeling teruggetrek omdat die sinode nie bereid was om ook die vyf minder ontwikkelde werkkringe weens die finansiële las wat dit sou meebring oor te neem nie.

[24] Vergelyk Verslag van J.C. Pauw aan Binnelandse Sendingkommissie van Konferensie van Sendelinge te Wynberg 27-28 Augustus 1884 , punt VIII - Argief NGKerk

[25] Akta Sinode 1883, p. 59

Die N.G. Sendingkerk sou funksioneer volgens bepalinge in die kerkorde van die N.G. Kerk en slegs laasgenoemde se sinode kon daardie bepalinge wysig, uitbrei en interpreter. Die Sendingsinode het horn egter by die bepalings neergelê, want dit was duidelik dat die N.G. Kerk geen ander grondslag vir die bestaan van die Sendingkerk sou aanvaar nie. Ook Eerw. Teske van Beaufort-Wes het ingeval en by die tweede sinode van die Sendingkerk in 1891 was 16 gemeentes verteenwoordig. Die Sendingkerk het stadig gegroei en sy interne eenheid stelselmatig versterk. Maar hy het terselfdertyd ’n lang en moeilike stryd gestry tot kerkregtelike selfverwesenliking. Dit was in sy wese ’n stryd om N.G. Kerk-paternalisme af te werp. Suiwerder insigte het eers na baie jare gekom en die N.G. Sendingkerk het eers op 27 November 1975, na 94 jaar, volle kerkregtelike selfbeskikking gekry.

Maar dit het onmiddellik ’n nuwe vraag, wat eintlik ’n baie ou vraag is, na vore gebring, naamlik, waarin bestaan die eenheid van die N.G. Kerk en die N.G. Sendingkerk (indien dit wel bestaan)? Dit gaan nie in hierdie vraag om die gemeenskaplike belydenis as diepste grond vir die eenheid nie, maar oor die institutionele eenheid. Was Art.10 van die skema van oprigting van die N.G. Sendingkerk (vetoreg) nie slegs ’n ander vorm waarin die middeweg van Hofmeyr toegepas is nie? Dit was ’n paternalistiese eenheidsmaatreël, wat terselfdertyd ’n band was waarsonder die N.G. Sendingkerk hoogswaarskynlik ’n eie en onafhanklike koers weg van die N.G.Kerk sou inslaan. Hierdie band is van tyd tot tyd verstel, deur bv na 1903 die Binnelandse Sendingkommissie sitting en stemreg op die Sendingsinode te gee en in 1915 ’n Grondwet, wat slegs deur die sinode van die NG Kerk gewysig kon word, aan die Sendingkerk te gee met herroeping van die vetoreg. Die Grondwet is van tyd tot tyd gewysig tot met sy herroeping in 1975. Die paternalistiese eenheidsband het daarmee verval en niks kon die N.G. Sendingkerk verhinder om van die N.G. Kerk weg te beweeg as hy dit sou verkies nie.

Ons sal dus indringend na twee basiese vrae moet kyk. Kan die eenheid tussen die N.G. Kerk en N.G. Sendingkerk (en by implikasie die N.G. Kerkfamilie) behou en institusioneel verwesenlik word nou dat die N.G. Sendingkerk (en die ander Jongkerke) kerkregtelik selfstandig is? ls die N.G. Kerk gewillig en instaat om eenheidstrukture te aanvaar waarin hy nie ’n paternalistiese rol speel nie? Dit was die basiese kenmerk van die middeweg dat dit die eenheid van die blankes en gekleurdes in die N.G. Kerk volgens ’n paternalistiese model nagestreef het. Ten spyte van die ideale wat die sendelinge gekoester het vir 'n selfstandige Sendingkerk het die N.G. Kerk die beginsel van die middeweg wat vir plaaalike gemeentes ontwerp is op die kerkverband toegepas.

Dat dit inderdaad onmoontlik geblyk het, deur die loop van byna ’n eeu, vir die N.G. Kerk om hierdie benadering basies te verander, moet toegeskryf word aan die feit dat die vooroordele waaraan sedert 1857 toegegee is stelselmatig die lewensbeskouing van meer en meer blanke lidmate en predikante teenoor gekleurdes geword het. Dit was die insig en wysheid van sendingsekretarisse en sendingkommissies van die N.G. Kerk wat die N.G. Sinodes beweeg het tot die herroeping van die Grondwette van die etniese Jongkerke as paternalistiese bande. Die basiese vraag is nou of die N.G. Kerk en die Jongkerke van die N.G. Familie gereed is om ander nie-paternalistiese eenheidstrukture te oorweeg vir die uitdrukking van hul wesenlike eenheid en indien wel, volgens watter model?

Dit is hierdie vrae rondom kerkeenheid wat in die afgelope vier dekades soveel beroering binne die N.G. Kerkfamilie veroorsaak het. Die tyd ontbreek om ’n oorsig te gee van die worsteling sedert die Tweede Wêreldoorlog tussen die N.G. Kerk en die Jongkerke om bymekaar uit te kom oor die kwessie van kerkeenheid en gelykwaardigheid. Dit bring ook nie eintlik nuwe probleemvelde na vore nie. Vir die Verenigende Gereformeerde Kerk (VGK), warin die N.G. Sendingkerk en die NG Kerk in Afrika (gedeeltelik) in 1994 opgegaan het, skyn dit onmoontlik te wees om tot enige sinvolle gesprek tot eenheid met die N.G. Kerk te vorder, tensy daar afdoende met die vooroordele wat in 1857 "verskans” is afgereken word.

Die N.G. Kerk het beslis nie stilgesit en in die status quo berus nie. Baie het reeds verander met betrekking tot standpunte en beleid. As al die struikelblokke wat deur die 1857 sinodebesluit in die weg van ons eenheid geplaas is verwyder word, sal die stigting van die N.G. Sendingkerk in 1881, na honderd jaar nie ’n verbreking nie, maar 'n verstewiging van die eenheid blyk te wees.

Dit was die N.G. Sendingkerk wat die stryd teen kerklike paternalisme opgeneem en baie dekades lank volgehou het, maar dit was ook die N.G. Kcrk wat self paternalistiese maatreëls teruggeroep het voordat onversoenbare konfrontasies ontwikkel het. Hierdie stryd het afgeloop in 1975 sonder blywende skade aan die goeie verhouding tussen die twee Kerke. Inteendeel, daar is juis sterker bande gesmee omdat groter gelykheid die beste grondslag vir groter eenheid is.

Juis as gevolg van sy kerkregtelike selfstandigheid kon die N.G. Sendingkerk in 1978 die stryd teen die sondige vooroordele wat hulle gemanifesteer het in die kerklike en staatkundige

apartheidsbeleid aanknoop.[26] Die kritiek van Huet het profeties geblyk te wees. Die vooroordele wat volgens hom deur die sinode van 1857 gesanksioneer is, is die wesenlike struikelblok in die weg van die eenheid tussen gemeentes en sinodes van die N.G. Kerkfamilie. Omdat apartheid so ’n fundamentele belydenis-ondermynende leer en praktyk geword het, het die 1982-sinode van die N.G. Sendingkerk ’n status confessionis teen apartheid verklaar en dit In 1986 opgevolg met die Belydenis van Belhar. Die aktualiteit van die Belydenis van Belhar word bepaal deur die mate waarin die sondige vooroordele deur 1857 "verskans" nog openlik of bedektelik ’n rol speel.

As die N.G. Kerk, uit eie oortuiging, deur woord en daad, op sinodale en gemeentelike vlak die 1857-besluit herroep en self die stryd aanknoop teen die sondige vooroordele wat vir meer as ’n eeu implisiet ’n medebepaler van sendingbeleid was sal die huidige konfrontasies met die VGK, NGKA en RCA nie tot 'n verbreking van die eenheid lei nie. Die aktualiteit van die Belhar-belydenis vir die VGK sal afneem en dit sal makliker word om die status van hierdie belydenis in 'n toekomstige eenheidstruktuur te bepaal.

As die N.G. Kerk die 1957-besluit formeel en informeel, direk en indirek herroep, herroep hy terselfdertyd die paternalisme van die middeweg en dan help hy beslis om ook die groeiende vooroordele van baie lidmate en ampsdraers binne die Jongkerke teen almal wat blank is hok te slaan en te bestry. Eintlik moes daar nooit ’n middeweg gewees het nie. Daar is slegs een Bybelse pad en dit is om die liggaam van Christus uit te bou deur inlywing en aanvaarding van die bekeerlinge uit die wêreld (heidene). God laat Hom nogtans nie deur ons oordeelsfoute en gebrekkige konteksbepaalde skemas verhinder om sy koninkryk met krag te laat kom nie. Op sy eie wyse het Hy die middeweg van Hofmeyr en die besluit van 1857, ja selfs die sondige vooroordele gebruik om die N.G. Kerkfamilie tot op die drumpel van hulle ware kerkeenheid te voer. Nou moet ons nie weer terugdeins nie. Ons moet onvoorwaardelik aan die Skrif en die Hellige Gees gehoorsaam wees en aan die eenheid wat ons in Christus ontvang het, strukturele uitdrukking gee volgens Bybelse norme tot ’n getuienis voor die wêreld dat God Christus gestuur het om vyandige en geskeide mense een te maak en om 'n gebroke skepping heel te maak.

Pearly Beach D.P. Botha
20 Februarie 2004

[26] Akta Sinode NG Sendingkerk 1978, p. 399 en 559